# TUSSENTYDSE RESULTATE
## VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2009






### SLEUTELAANWYSERS
- Voorraadafskrywings
- Markte onder druk
- 21% verstewiging van die rand

### KENMERKE
- Inkomste daal met 22%
- Verlies vir die tydperk van R99 miljoen (2008: Wins R373 miljoen)
- Basiese verlies per aandeel van 218,2 sent (2008: Wins 839,0 sent per aandeel)
- Verspreidings- en administrasiekoste bespaar

OMNIA

OMNIA HOLDINGS BEPERK (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
Registrasienommer 1967/003680/06 JSE-kode OMN ISIN ZAE000005153
("Omnia" of "die Groep")

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT
vir die ses maande geëindig 30 September 2009

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | % | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|---|
| **Voortbestaande besighede** | | | | |
| Inkomste | **4,249** | (22) | 5 454 | 11 111 |
| Koste van verkope | **(3,826)** | (12) | (4 367) | (9 045) |
| **Bruto wins** | **423** | (61) | 1 087 | 2 066 |
| Ander bedryfsinkomste | **40** | 18 | 34 | 30 |
| Verspreidingskoste | **(272)** | 1 | (268) | (639) |
| Administrasiekoste | **(243)** | (6) | (259) | (546) |
| Bedryfskoste | **–** | | – | (34) |
| **Bedryfs (verlies)/wins** | **(52)** | (109) | 594 | 877 |
| Finansieringskoste | **(93)** | 46 | (63) | (205) |
| Finansieringsinkomste | **8** | 282 | 2 | 41 |
| Aandeel in die na-belaste winste van geassosieerde | **2** | | – | 5 |
| **(Verlies)/wins voor inkomstebelasting** | **(135)** | | 533 | 718 |
| Belasting | **36** | (122) | (160) | (227) |
| (Verlies)/Wins vir die tydperk | **(99)** | (127) | 373 | 491 |
| **(Verlies)/wins toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Ekwiteitshouers van die maatskappy | **(99)** | (127) | 372 | 491 |
| Minderheidsbelang | **–** | | 1 | – |
| | **(99)** | | 373 | 491 |
| Basiese (verlies)/verdienste per aandeel (sent) | **(218,2)** | (126) | 839,0 | 1107,4 |
| Ten volle verwaterde basiese (verlies)/verdienste per aandeel (sent) | **(217,8)** | (127) | 803,5 | 1062,2 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE OMVATTENDE STAAT VAN INKOMSTE
vir die ses maande geëindig 30 September 2009

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|
| **(Verlies)/wins vir die tydperk** | **(99)** | 373 | 491 |
| **Na belaste ander omvattende inkomste** | | | |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | **(263)** | (4) | 131 |
| **Totale omvattende (verlies)/wins toeskryfbaar aan:** | **(362)** | 369 | 622 |
| Ekwiteitshouers van die maatskappy | **(361)** | 368 | 622 |
| Minderheidsbelang | **(1)** | 1 | – |
| | **(362)** | 369 | 622 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT
soos op 30 September 2009

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **1 766** | 1 565 | 1 686 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **1 202** | 1 025 | 1 114 |
| Ontasbare bates | **505** | 507 | 517 |
| Finansiële bates beskikbaar vir verkoop | **1** | 1 | 1 |
| Belegging in geassosieerde maatskappye | **48** | 29 | 40 |
| Uitgestelde belasting | **10** | 3 | 14 |
| **Bedryfsbates** | **3 323** | 4 836 | 4 071 |
| Voorraad | **1 597** | 2 855 | 2 391 |
| Handels- en ander debiteure | **1 549** | 1 681 | 1 342 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **142** | 256 | 179 |
| Belasting ontvangbaar | **4** | – | – |
| Kontant en kontant-ekwivalente | **31** | 44 | 159 |
| Totale bates | **5 089** | 6 401 | 5 757 |
| **Ekwiteit** | | | |
| **Aandeelhouersekwiteit** | **1 745** | 1 917 | 2 139 |
| Verklaarde kapitaal | **317** | 201 | 201 |
| Tesourie-aandele | **(10)** | (10) | (11) |
| Ander reserwes | **(15)** | 141 | 286 |
| Behoue verdienste | **1 453** | 1 585 | 1 663 |
| **Minderheidsbelang** | **(2)** | (2) | (2) |
| **Totale ekwiteit** | **1 743** | 1 915 | 2 137 |
| **Laste** | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | **801** | 453 | 789 |
| Lenings en langtermynverpligtinge | **787** | 350 | 670 |
| Uitgestelde belasting | **14** | 103 | 118 |
| Voorsienings | **–** | – | 1 |
| **Bedryfslaste** | **2 545** | 4 033 | 2 831 |
| Handels- en ander krediteure | **1 354** | 2 344 | 1 973 |
| Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge | **461** | 67 | 68 |
| Belasting betaalbaar | **–** | 69 | 20 |
| Bankoortrekkings | **296** | 1 169 | 373 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **434** | 384 | 397 |
| **Totale verpligtinge** | **3 346** | 4 486 | 3 620 |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | **5 089** | 6 401 | 5 757 |
| Netto rentedraende skuld | **1 513** | 1 542 | 952 |
| Netto batewaarde per aandeel (Rand) | **37,5** | 43,2 | 48,2 |
| **Kapitaalbesteding** | | | |
| Depresiasie | **53** | 43 | 102 |
| Amortisasie | **9** | 12 | 21 |
| Aangegaan | **140** | 93 | 258 |
| Goedgekeur en gekontrakteer | **137** | 34 | 91 |
| Goedgekeur maar nie gekontrakteer nie | **341** | 134 | 9 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT
vir die ses maande geëindig 30 September 2009

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|
| Bedryfs(verlies)/wins | **(53)** | 594 | 877 |
| Depresiasie en amortisasie | **61** | 54 | 123 |
| Aanpassing vir nie-kontantitems | **(185)** | (17) | 53 |
| Benut deur bedryfskapitaal | **(32)** | (1 369) | (744) |
| | **(209)** | (738) | 309 |
| Rente betaal | **(92)** | (65) | (214) |
| Rente ontvang | **8** | 2 | 41 |
| Belasting betaal | **(86)** | (167) | (283) |
| Dividende betaal | **(41)** | (55) | (96) |
| **(Benut)/voortgebring uit bedrywighede** | **(420)** | (1 023) | (243) |
| Kontantuitvloei uit beleggingsaktwiteite | **(140)** | (83) | (257) |
| Kontantinvloei/(-uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite | **511** | 17 | 389 |
| **Netto (afname)/toename in kontant** | **(49)** | (1 089) | (111) |
| Netto oortrekking aan begin van tydperk | **(214)** | (103) | (103) |
| **Netto oortrekking aan einde van tydperk** | **(263)** | (1 192) | (214) |

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN AANDEELHOUERSEKWITEIT

| Rm | Gewone aandeelhouersekwiteit: Verklaarde kapitaal | Tesourie-aandele | Ander reserwes | Behoue verdienste | Minderheidsbelang | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Op 31 Maart 2008 (geouditeer)** | 201 | (13) | 127 | 1 268 | (2) | **1 581** |
| Erkende inkomste en uitgawes | | | | | | |
| Netto wins vir die tydperk | | | | 372 | 1 | **373** |
| Afname in valuta-omrekeningsreserwe | | | (4) | | | **(4)** |
| Aandeelgebaseerde vergoeding | | | 18 | | | **18** |
| Transaksies met aandeelhouers | | | | | | |
| Gewone dividende betaal | | | | (55) | | **(55)** |
| Tesourie-aandele verkoop | | 3 | | | | **3** |
| Beweging in minderheidsbelang | | | | | (1) | **(1)** |
| **Op 30 September 2008 (ongeouditeer)** | 201 | (10) | 141 | 1 585 | (2) | **1 915** |
| Erkende inkomste en uitgawes | | | | | | |
| Netto wins vir die tydperk | | | | 120 | | **120** |
| Toename in valuta-omrekeningsreserwe | | | 131 | | | **131** |
| Aandeelgebaseerde vergoeding | | | 14 | | | **14** |
| Transaksies met aandeelhouers | | | | | | |
| Gewone dividende betaal | | | | (42) | | **(42)** |
| Tesourie-aandele verkoop | | (1) | | | | **(1)** |
| **Op 31 Maart 2009 (geouditeer)** | 201 | (11) | 286 | 1 663 | (2) | **2 137** |
| Erkende inkomste en uitgawes | | | | | | |
| Netto verlies vir die tydperk | | | | (99) | | **(99)** |
| Afname in valuta-omrekeningsreserwe | | | (263) | | | **(263)** |
| Aandeelgebaseerde vergoeding | | | 7 | | | **7** |
| Transaksies met aandeelhouers | | | | | | |
| Gewone aandele betaal ten opsigte van derde vennootskapskema met bestuur | 90 | | (45) | (45) | | **–** |
| Kapitalisasie-uitgif | 26 | | | (26) | | **–** |
| Gewone dividende betaal | | | | (40) | | **(40)** |
| Tesourie-aandele verkoop | | 1 | | | | **1** |
| **Op 30 September 2009 (ongeouditeer)** | 317 | (10) | (15) | 1 453 | (2) | **1 743** |

## ANDER RESERWES

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|
| Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe | **39** | 63 | 76 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **(57)** | 75 | 207 |
| Netto diskonto voortspruitend uit verkryging van aandele van filiale | **3** | 3 | 3 |
| | **(15)** | 141 | 286 |

## SEGMENTONTLEDING
vir die ses maande geëindig 30 September 2009

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | % | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste netto van intersegmentele verkope | **4 249** | (22) | 5 454 | 11 111 |
| Chemikalieë | **1 844** | (20) | 2 294 | 4 528 |
| Mynbou | **899** | (11) | 1 006 | 2 111 |
| Landbou | **1 506** | (30) | 2 154 | 4 472 |
| Bedryfswins | **(53)** | (109) | 594 | 877 |
| Chemikalieë | **59** | (62) | 156 | 198 |
| Mynbou | **106** | (16) | 126 | 269 |
| Landbou | **(218)** | (170) | 312 | 410 |

## REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|
| Netto (verlies)/wins vir die tydperk | **(99)** | 373 | 491 |
| Daling in waarde van belegging | | | 3 |
| **Wesensverdienste** | **(99)** | 373 | 494 |

Wesensverdienste
Wesens-(verlies)/verdienste is (218,2) sent per aandeel (2008: 839,0 sent per aandeel)
Ten volle verwaterde (verlies)/verdienste per aandeel is (217,8) sent per aandeel (2008: 803,5 sent per aandeel)

## AANTEKENINGE
### Rekeningkundige beleid
Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2009 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening en ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state sluit nie al die inligting in wat deur IFRS vir volledige finansiële jaarstate vereis word nie.

Die hoofbeleid wat gebruik is vir die voorbereiding van die resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2009, stem ooreen met dit wat toegepas is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate vir die jaar geeindig 31 Maart 2009, behalwe vir die aanneem van die hersiene IAS 1 en IFRS 8, wat geen impak het op die resultate nie, maar addisionele inligting verlang.

### Dividende
'n Finale dividend van 150 sent per aandeel is op 18 Junie 2009 verklaar ten opsigte van die vorige finansiële jaar. Die dividend word in die huidige tydperk tot 30 September 2009 weerspieel.

### Verbintenisse
Die toekomstige minimum huurbetalings kragtens nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte is R4 miljoen (2008: R22 miljoen) binne een jaar en R1 miljoen (2008: R17 miljoen) tussen twee en vyf jaar en R0 miljoen (2008: R1 miljoen) later as vyf jaar, wat 'n totaal van R5 miljoen (2008: R40 miljoen) beloop.

## ADDISIONELE INLIGTING

| Rm | **Ongeouditeer 6 maande 2009/09/30** | Ongeouditeer 6 maande 2008/09/30 | Geouditeer 12 maande 2009/03/31 |
|---|---|---|---|
| Finale dividend betaal per aandeel (sent) ten opsigte van vorige jaar | **150*** | 117 | 117 |
| Interim dividende per aandeel (sent) verklaar vir die huidige jaar | **–** | 100 | 100 |
| Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele ('000) | **45 094** | 44 285 | 44 316 |
| Geweegde gemiddelde ten volle verwaterde uitgereikte aandele ('000) | **45 176** | 46 241 | 46 204 |
| Aantal uitgereikte aandele ('000) | **46 430** | 44 321 | 44 370 |

**Ingesluit is `n kapitalisasie-toegif van 150 sent as 'n finale dividend vir die jaar. Aandeelhouers kon kies om 'n kontant 145 sent te ontvang, in plaas van die kapitalisasie-toegif.*

## INLEIDING
Omnia is 'n gediversifiseerde spesialisverskaffer van chemiese dienste met gebalanseerde belange in die chemikalie-, mynbou- en landboumarkte. Die Groep is in wese 'n kennisbesigheid wat sy toonaangewende intellektuele kapitaal en tegnologie aanwend om hom te diversifiseer van ander kommoditeits-chemikalieëverskaffers.

Al drie die Groep se sakesegmente (chemikalieë, mynbou en landbou) lewer steeds hoë waarde, pasgemaakte oplossings wat gebaseer is op `n voortdurende groeiende kennisbasis. Omnia se unieke besigheidsmodel wat daarop gerig is om buitengewone waarde vir sy kliënte en hulle besighede te skep deur sy vermoë om kliëntebehoeftes te identifiseer en met toepaslike innoverende produkte en dienste te bevredig, plaas hom op die voorpunt van die chemiese dienstebedryf.

## MARKOMSTANDIGHEDE
Die aankondiging van Omnia se jaareind-resultate gedurende Junie 2009 en die handelsverklaring op 23 Oktober 2009 het die sensitiwiteit van die Groep se verdienste tot dalende kommoditeitspryse en `n verstewiging in die Rand aangedui.

Gedurende die laaste paar maande van die vorige finansiële jaar het meeste kommoditeitspryse wesenlik gedaal. Hierdie afnames in pryse was ook van toepassing op die belangrikste grondstowwe wat deur die Groep gebruik word, wat die waardasie van voorraad op jaareinde negatief geraak het.

Die ongewone kooppatroon gedurende die eerste helfte van die vorige finansiële jaar (vorige vergelykbare periode) en laer verkoopsvolumes in die tweede helfte van die jaar, wat veroorsaak is deur 'n afname in aanplantings weens 'n lae mielieprys, het tot hoë vlakke van kunsmisvoorraad gelei wat vir boerderyklante teen die Maart 2009 jaareinde gehou is. Die voorraad op jaareinde is redelik waardeer toe die Randwisselkoers R9,49 teenoor die VS dollar beloop het. Verdere dalings het voorgekom in die pryse van rou materiale gedurende die tydperk onder oorsig, veral die van kalium terwyl die wisselkoers van die Rand verder verstewig het tot R7,51 teenoor die VS Dollar. Dit het verdere voorraadafskrywings tot gevolg gehad gedurende die tydperk onder oorsig.

Die voortdurende sterk Rand bly een van die belangrikste faktore wat lei tot die swakker finansiële prestasie van die Groep op die korttermyn, omdat dit 'n negatiewe uitwerking het op elk van die drie afdelings – chemikalieë, mynbou en landbou. Dit het ook 'n negatiewe uitwerking gehad op die Groep se kliënte in die uitvoermarkte deurdat hulle met goedkoop ingevoerde klaarprodukte moes meeding.

Al drie afdelings het uitdagings soos 'n kombinasie van laer volumes, prysdruk en swak uitvoerpryse ervaar. Die afname in vervaardiging in Suid-Afrika soos weerspieël in die vervaardigingsindeks is ook van belang. Dit was duidelik vir die tien opeenvolgende maande tot die einde van Junie 2009. Solank bogenoemde toestande voortduur, sal marges onder druk bly.

## FINANSIËLE OORSIG
Die finansiële resultate vir die eerste ses maande van die vorige jaar was uitsonderlik gegewe die hoë kommoditeitspryse en die buitengewone vekoopsvolumes van kunsmisprodukte in die vergelykbare eerste helfte. Omnia het `n verlies van R99 miljoen gely vir die ses maande geëindig 30 September 2009, in teenstelling met `n wins van R373 miljoen vir die eerste helfte van die vorige jaar. Dit kan toegeskryf word aan die impak van die negatiewe markomstandigdhede, afname in kommoditeitspryse en die 21% verstewiging van die Rand tot R7,51 teenoor die VS Dollar sedert Maart 2009, wat afwaartse voorraadwaardasies genoodsaak het. Dit het veroorsaak dat die Landbou-afdeling se voorraadwaarde afwaarts aangepas moes word met R350 miljoen terwyl polimeervoorraad van die hand gesit is teen amper nul marges en selfs teen verliese.

Groepsinkomste het met 22% gedaal tot R4,2 miljard (2008: R5.5 miljard). Bedryfswins het met R647 miljoen afgeneem tot `n bedryfsverlies van R52 miljoen (2008: bedryfswins van R594 miljoen).

Verspreidingskoste het toegeneem teen `n nominale 1% tot R272 miljoen (2008: R268 miljoen) terwyl administrasiekoste afgeneem het met 6% tot R243 miljoen (2008: R259 miljoen). Hierdie afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan laer aansporingsbonusse.

Na aanleiding van nuwe verslagdoeningstandaarde is `n staat van omvattende inkomste ingesluit in hierdie aankondiging. Die nuwe staat reflekteer `n wesenlike afname in die valuta-omskakelingsreserwe, wat ingesluit is in nie-verdeelbare reserwes, ten bedrae van R263 miljoen (2008: afname van R4 miljoen). Dit kan toegeskryf word aan die sterk rand waarteen die Groep se ekwiteit wat in sy buitelandse bedrywighede lê, omgeskakel is. Hierdie beweging is ook `n wesenlike deel van die aanpasing vir nie-kontantitems wat in die kontantvloeistaat aangedui word.

Die seisoenale aard van Omnia se Landbou-afdeling veroorsaak dat die Groep se bedryfskapitaalvereistes 'n piek bereik in September elke jaar. Die aansienlike daling in kommoditeitspryse het die Groep se netto bedryfskapitaalvereiste met R400 miljoen verlaag in vergelyking met die vorige jaar se piek. `n Merkbare verandering teenoor die vorige periode, is die relatiewe laer vlak van krediteure, omdat meeste van die voorraad op hande reeds in die vorige jaar aangekoop is en die verskaffers betaal is. Dit het veroorsaak dat bedryfskapitaal tot 'n groter mate befonds moes word met korttermyn bankoortrekkings, wat finansieringskoste met 45% laat styg het tot R93 miljoen (2008: R63 miljoen).

As gevolg van die bogenoemde is kontant gebruik gedurende die oorsig periode R420 miljoen in vergelyking met R1 023 miljoen van die vorige vergelykbare periode. Gedurende die oorsigperiode het die Groep korttermyn kommersiële-effekte ten bedrae van R400 miljoen uitgereik om die tradisionele bedryfskapitaalbehoefte gedurende die tussentydse tydperk te befonds. Dit word weerspieël in die kontantvloeistaat onder die invloei uit finansieringsaktiwiteite.

Die skuld:ekwiteitsverhouding is vir die tussentydse stadium op sy tradisionele piek van 87% (2008: 81%).

Met die suksesvolle voltooiing van die Derde Vennootskap met Bestuurskema, wat bestuur in staat gestel het om deel te neem aan die ekwiteit van die Groep, tesame met die kapitalisasie-uitgif gedurende Junie 2009, het die verklaarde kapitaal van die Groep verhoog tot R317 miljoen (2008: R201 miljoen).

## BEDRYFSOORSIG
### Chemikalieë
Protea Chemicals is die toonaangewende verspreider van spesialis-, funksionele- en effekchemikalieë in Suidelike en Oos-Afrika met 'n gevestigde teenwoordigheid in elke sektor van die chemiese verspreidingsmark.

Inkomste het met 20% afgeneem tot R1 844 miljoen (2008: R2 294 miljoen). Bedryfswins het met 62% afgeneem tot R59 miljoen (2008: R156 miljoen). Bedryfsmarges het tot 3% afgeneem (2008: 7%) weens die daling in internasionale kommoditeitspryse, veral die wat verband hou met olie, soos polimere. Tesame met die versterking van die Rand, het dit veroorsaak dat die bedrysfsmarges wesenlik gedaal het. Die sterk Rand het ook die afdelings se kliënte geteister deur hulle uitvoere onkompeterend te maak in wêreldmarkte terwyl hulle plaaslike verkoopsvolumes geraak is deur 'n toevloei van goedkoop klaarprodukte. Dit het daartoe gelei dat kliënte hulle vraag na chemiese produkte ingekort het.

Die onlangste strategiese verkrygings bewys dat die Groep steeds fokus op die langertermyn groei van die maatskappy. Die verkryging van Petroleum Fine Products, wat effektief is op 1 Desember 2009, versterk die bestaande persoonlike verbruikersorg portefeulje en sal voortbou op Omnia se gestelde doelwit om sy besigheid te laat groei en marges te verbeter deur vertikale integrasie-strategieë.

### Mynbou
As markleier in vermengde-massaplofstofformulerings vir bogrondse mynbou, vervaardig die Mynbou-afdeling ook verpakte plofstowwe vir ondergrondse mynbou en gespesialiseerde bogrondse skietwerk. Verder verskaf die afdeling 'n volledige reeks mynbouchemikalieë en skiettoebehore.

Terwyl volumes aanvanklik verbasend goed gebly het, het die globale resessie Suid-Afrika ook geraak en kommoditeitspryse laat vryval, wat die vraag na kommoditeite soos platinum, koper, nikkel en sink verlaag het. Alhoewel die groep hoofsaaklik betrokke is by steenkool-, goud-, en uraanekstraksie, het die daling in die vraag na eersgenoemde groep kommoditeite `n impak op die afdeling gehad. Daarbenewens het `n aantal kliënte se uitbreidingsprojekte, waardeur die Groep bevoordeel sou word, teen `n baie stadiger pas plaasgevind as wat voorheen verwag is.

Met die afname in grondstofpryse, wat `n direkte impak het op verkoopspryse van Omnia se produkte, het die mynbou-afdeling se inkomste met 11% afgeneem tot R899 miljoen (2008: R1 miljard) terwyl die bedryswins met 16% gedaal het tot R106 miljoen (2008: R126 miljoen). Dit het veroorsaak dat die bedryfsmarge effens gedaal tot 12% vanaf 13% in die vorige vergelykbare periode.

### Landbou
Die Landbou-afdeling produseer en verskaf korrel-, vloeibare- en spesialiteitskunsmis aan individuele boere, koöperasies en groothandelaars in Suidelike Afrika en toenemend aan Afrika-lande suid van die Sahara, asook Madagaskar, Australië en Nieu-Zeeland.

Die buitengewone finansiële resultate van die vorige jaar het nie die tipiese patrone van die verlede weerspieël nie. Dit het verband gehou met beide buitengewone grondstofpryse en volumes verkoop. Verkoopsvolumes het drasties gedaal in die tweede helfte van 2009 en die tradisionele piek verkope rondom September het nie plaasgevind nie. In vergelyking met daardie ongewone resultate van die vorige vergelykbare periode het die Landbou-afdeling se inkomste met 30% gedaal tot R1,5 miljard (2008: R2,1 miljard).

Die Groep verwag tradisioneel 'n normale vraag na sy produkte en hou voldoende voorraad vir sy landboukliënte vir lewering in die komende seisoen. Weens die afname in die vraag gedurende die tweede helfte van die vorige jaar, soos reeds genoem, is die voorraad oorgedra na die huidige finansiële jaar. Die versterkende rand het gedurende die periode onder oorsig verdere wesenlike voorraadafskrywings ten bedare van R350 miljoen tot gevolg gehad. Dalende verkoops pryse, het addisionele druk op bedryfsmarges geplaas in die landbou-afdeling waar `n bedryfsverlies van R218 miljoen gelei is (2008: R312 miljoen wins). Dit het `n bedryfsverlies van 14% veroorsaak (2008: bedryfswins van 14%).

Omnia se verdediging teen die mededingingsraad se aantygings oor die vermeende nie-kompeterende gedrag deur lede van die kunsmisbedryf duur steeds voort. Die verhoor wat geskeduleer is vir die eerste twee weke in Desember 2009, is uitgestel tot `n toekomstige datum wat nog vasgestel moet word. Die ondersoek van die Mededingingsraad duur al ses jaar voort en Omnia hoop dat dit spoedig afgehandel sal word.

## VOORUITSIGTE
### Korttermyn
Die Groep verwag 'n terugkeer na winsgewendheid vir die tweede helfte van die 2010 finansiële jaar wanneer groter kunsmisbestellings geplaas sal word. Daar is `n vooruitsig dat `n El-Nino toestand vroeg in 2010 kan ontstaan. Daar word egter nie verwag dat dit `n wesenlik uitwerking op kunsmis verkoopsvolumes vir die tweede helfte van die jaar sal hê nie.

Die onstuimighede in die markte waarin die Groep bedrywig is skep steeds onsekerhede. Die aanhoudende sterk vertoning van die Rand is `n ernstige bron van kommer, gegewe die impak wat dit het op die omskakeling van die resultate van buitelandse bedrywighede, uitvoermarkte en laer verkoopsvolumes weens die mededinging van goedkoper invoere. Vooruitsigte vir die Groep se verdienste vir die volle jaar is duidelik onder druk in vergelyking met die buitengewone opbrengs/prestasie van die vorige jaar.

Teen die agtergrond van die deurlopende onsekerhede, werk die Groep aggresief om uitgawes te beperk en meer effektief te wees, terwyl daar terselfdertyd belê word in die verbetering van sy mense en produksie kapasiteit, asook om tegnologie te ontwikkel wat sy produk sal diversifiseer en daardeur meer waarde aan sy kliënte sal lewer. Die Groep gaan steeds voort met die oorweging van moontlike vekrygings wat sal pas by sy strategie vir groei deur sy produkbasis en dienstetegnologie uit te brei.

Daar is tekens dat omstandighede stadig besig is om te verbeter met die vraag wat begin toeneem. Omnia is goed geplaas in die drie kritiese sektore van die toekoms (landbou, water en alternatiewe energie) en sal ook voordeel trek uit enige volhoubare verbetering in die markte.

Die Groep het `n toenemende tekort begin ondervind in een van sy kritiese grondstowwe, ammoniumnitraat, wat `n belangrike bestanddeel is in die produksie van kunsmis en plofstof. Ten einde die tekort aan te spreek, asook om die Groep voor te berei vir die verwagte groei in mynbou en landbou in suidelike Afrika, is Omnia besig om die uitvoerbaarheid van `n tweede salpetersuuraanleg te oorweeg. Soos voorheen berig het die raad `n gedetailleerde ingenieurstudie na so `n tweede salpetersuur aanleg, goedgekeur. Daar word verwag dat die Raad sy finale besluit met betrekking tot die oprigting van die salpetersuuraanleg in die nabye toekoms bekend sal maak.

### Langtermyn
`n Aantal projekte wat sal lei tot 'n groei in toegevoegde waarde, wat verkrygings insluit, asook direkte kapitaalbesteding, veral in die kritieke areas van alternatiewe energie en watersuiwering, word deur die Groep ondersoek.

## VIERDE VENNOOTSKAP MET BESTUURSKEMA
Aandeelhouers word verwys na die aankondiging op SENS van 26 November 2009, waarop daar kennis gegee word van 'n algemene vergadering om die skema goed te keur. Die vergadering sal op 11 Desember 2009 plaasvind.

## DIVIDENDE
Gegewe die behoefte om kapitaal te bespaar vir groei, meen die Raad dat dit sal omsigtig wees om nie `n dividend vir die eerste ses maande van die oorsigjaar voor te stel of te verklaar nie.

NJ CROSSE
Voorsitter

RB HUMPHRIS
Besturende direkteur

30 November 2009

10074 STUDIO 5

**Direkteure** NJ Crosse *(Voorsitter)*, FD Butler, DL Eggers* *(Groep- Finansiële Direkteur)*, NKH Fitz-Gibbon*, R Havenstein, HH Hickey, RB Humphris* *(Groep- Besturende Direkteur)*, Prof SS Loubser, Dr WT Marais, RR Masebelanga*, JG Pretorius, DC Radley, TR Scott **Uitvoerende Direkteure*

**Geregistreerde kantoor** 1ste Verdieping, Omnia House, Sloanestraat 13, Epsom Downs, Bryanston, Sandton
Posbus 69888, Bryanston 2021
Telefoon (011) 709 8888

**Oordrag-sekretarisse** Link Market Services South Africa (Edms) Beperk
Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001
Posbus 4844, Johannesburg 2000

www.omnia.co.za